

Sondag 8 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-5 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:5

Nagmaal – ’n ware troosmaal

“Want soos die lyde van Christus oorvloedig is in ons, so is ons *troos* ook oorvloedig deur Christus” (1933/53-vertaling) (“oorvloed van bemoediging” (1983-vert.). Wat hier staan, is dat ’n Christen wat in Christus se kruisdood as sondevergewing glo en dit in hierdie wêreld bely, baie lyding sal ervaar, selfs verguising vir hulle geloof wat hulle uitleef. Dit is die lyding van Christus wat ook sy dissipels, sy volgelinge, die gelowiges se deel kan wees in die lewe.

Ons bely in Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus dat ons met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan onself behoort nie, maar aan ons getroue Verlosser Jesus Christus. Dit is ons enigste troos. Artikel 21 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind.

Die ware geloof in die genade van God oorstem die hartseer en droefheid van ons sonde en gebrokenheid van hierdie lewe. Te midde van selfs vervolging vir jou geloof in Christus word jy vertroos, omdat jy Christus se eiendom is. In die woorde van die Nagmaalsformulier: *Elkeen moet sy hart ondersoek of hy die vaste belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is ...*

Dit is die troos wat Nagmaal inhou, en van hierdie troos verseker die Heilige Gees ons elke dag. Wie homself in nederigheid voor God ondersoek het en sy persoonlike sondes bely, mag met ’n getroosde gemoed voor God en die mense lewe. Wat dan ook van ons gevra word, is dat ons ander sal troos met die vertroosting waarmee onself getroos is (vs 4).

Sing: Psalm 4:1 (1936)

Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)